

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-2:1, 3 (27:1, 3)

- 1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou,
Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou.
Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer:
Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.
- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet (Eksodus 20:1-17 en Galasiërs 3:10-14)

Psalm 66:6, 7 (p. 321)

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgevaar, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Gebed

Psalm 110:1, 2 (p. 550)

- 1 Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het: / "Sit aan my regterhand as hoogste HEER,
tot Ek u vyand in sy mag gebreek het, / hom werp as voetbank voor u voete neer.
- 2 "Aan U, so hoog in heerlijkheid verhewe, / gee Ek uit Sion, waar U sit ten troon,
die heersers staf oor wie u mag weerstrew. / Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!"

Skriflesing: Efesiërs 1:15-23, Matteus 25:31-46; Heidelbergse Kategismus, Sondag 19

Kernvers: Efesiërs 1:20-23

[Die werking van die krag van sy sterkte] wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie,

maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.
(Efesiërs 1:20-23 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 50

Waarom word daar bygevoeg: en sit aan die regterhand van God?

Antwoord:

Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).

(a) Efes 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.

Vraag 51

Watter nut bring hierdie heerlijkheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord:

Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b).

(a) Hand 2:33; Efes 4:8. (b) Ps 2:9; 110:1, 2; Joh 10:28; Efes 4:8.

Vraag 52

Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?

Antwoord:

Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne afwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlijkheid sal neem (c).

(a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.

Tema: Christus is ons ewige Koning wat regeer, versorg en oordeel

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, so ver terug as Sondag 12 het ons al bely dat Jesus die Christus gesalf is **tot ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar**. Sedertdien het ons aan die hand van ons Kategismus ons weer vergewis oor wat ons aangaande Jesus Christus se lyding en sterwe in ons plek glo. Sodoende het ons die weg van vernedering wat Jesus as die Seun van God vir ons moes loop, meegemaak. Dit is 'n vernedering wat begin by sy geboorte (Fil 2:6-7) en eindig by sy begrafnis. By Sondag 17 het ons met die verhoging van ons Here Jesus begin. Hy het uit die dood opgestaan, aangesien Hy die prys vir ons verlossing volkome betaal het. Veertig dae later, so bely ons in Sondag 18, het Jesus Christus na die hemel opgevaar. Die hemelvaart kan ook gesien word as Jesus se troonbestyging. As ons dan nou by Sondag 19 stilstaan, bely ons wat Jesus as ons ewige Koning nou in die hemel aan die regterhand van sy Vader doen en wat Hy as koninklike Regter op die laaste dag sal doen.

In Sondag 18 het ons bely watter troos Jesus se hemelvaart vir ons inhou, naamlik dat Hy daar vir ons bid, die teenwoordigheid van ons menslike natuur voor sy heilige Vader se aangesig verseker, en sy Heilige Gees aan ons stuur as die waarborg dat ons werklik aan

Hom behoort. Maar Jesus Christus se teenwoordigheid in die hemel hou nie net hierdie troos vir ons in nie. Hy is nie net 'n sagmoedige Hoëpriester vir ons nie; Hy is ook ons almagtige, ewige Koning wat met krag en mag regeer.

Van Jesus se laaste woorde aan sy dissipels voor sy hemelvaart is die volgende:

Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. (Matteus 28:18 AFR53)

God die Vader het Jesus Christus met hierdie mag beklee omdat Hy volmaak gehoorsaam aan sy Vader sy Vader se wil op aarde uitgevoer het. Beklee met hierdie mag het Hy aan die regterhand van God gaan sit.

Wanneer Christus sê dat alle mag aan Hom gegee is, moet ons die volgende onthou. As ware God het die Seun van God, Jesus Christus, hierdie mag van ewigheid af gehad. Met sy menswording het Hy Homself verneder deur hierdie heerlijkheid van sy almag gewillig te laat versluier in sy menslike natuur. Wanneer mense die eerste maal die Here Jesus ontmoet het, het hulle nie dadelik gesien dat Hy almagtig God is nie. Maar in elke wonderwerk wat Jesus op aarde verrig het, sien ons hierdie Goddelike almag wat Hy van ewigheid af besit, deurskemer. As ware God het Hy van ewigheid af alle mag in die hemel en op die aarde.

As ware mens het Jesus voor sy verlossingswerk aan die kruis en opstanding uit die dood nie hierdie mag gehad nie. Maar juis omdat Hy as ware en regverdige mens in ons plek gehoorsaam was tot die dood toe en die dood oorwin het, het die Vader hierdie mag ook aan Hom as ware mens gegee. Destyds toe die Satan Jesus versoek het, het hy aan Jesus al die koninkryke van die aarde belowe (Luk 4:5-7). Nou het Jesus deur sy volmaakte gehoorsaamheid aan God egter baie meer ontvang – nie net alle mag op aarde nie maar alle mag in die hemel én op die aarde.

Dus, as ware mens en ware God besit Jesus Christus nou alle mag in die hemel en op die aarde omdat die Vader dit aan Hom gegee het. Maar dit beteken nie dat die Vader nou sý almag aan sy Seun afgestaan het nie. God die Vader het nog steeds die regering van sy hele skepping in sy hand, maar die Vader regeer deur sy Seun. Daarom leer die Heilige Gees ons in Efesiërs dat God die Vader vir Christus in die hemel aan sy regterhand laat sit het. God se regterhand is spreekwoordelik die hand waarmee Hy sy regeerwerk uitoefen. Wanneer Jesus Christus dan nou sy plek aan die regterhand van sy Vader inneem, maak Hy aan ons bekend dat Hy nou by wyse van spreke God se regterhand is. Aan die regterhand van God is die ereposisie wat beskore is vir Hom vir wie God die liefste is. Die Vader het die raadsbesluite geneem en nou voer Christus hierdie besluite uit. Net die Lam wat geslag is, is waardig om die boek van God se raadsbesluite te neem en die een seël na die ander oop te breek en sodoende die raadsbesluite tot uitvoer te bring. Daarom het die Vader alle mag in die hemel en op die aarde aan Christus gegee – Christus het dus die volmag om te regeer as ons ewige Koning.

En as alle mag in die hemel en op die aarde aan Christus gegee is, beteken dit letterlik alle mag. Hy is hoog –

bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.

(Efesiërs 1:21 AFR53).

God het alles, letterlik alles, aan Hom onderwerp. Alles staan nou onder Christus se koningskap – engele en duiwels, vorste en volke, die opkoms en die ondergang van nasies en heersers.

Vir ons mense lyk dit vandag of dit eerder die mens is wat regeer. Regerings maak wette en soms is dit wette wat indruis teen alles wat goed is in die oë van die Here. En die burgers van daardie land moet maar buig en gehoorsaam. Dit lyk soms of die mens met sy uitsonderlike vermoëns in die wetenskap die pas aangee in die lewe deur te sê wat waar en vals is. Met die tegniek om te kan kloon is daar dan mense wat te kenne wil gee dat hulle mense wil kloon. Die instansies en persone wat die tegniek baasgeraak het om wêreldmarkte te kan lees en verstaan, lyk asof hulle lande en regerings se ekonomieë beheer soos hulle wil. In ons eie land wil dit voorkom asof die rower en geweldenaar eerder aan die spits van sake staan. En baie ander mense wat hulle in die denkwêreld van die New Age laat insluk het, wil met allerhande slim redenasies te kenne gee dit is eintlik die kragte van planete en sterre en ander magnetiese kragte in die natuur wat die dinge op aarde regeer en beheer.

Geliefdes, dit mag miskien lyk asof mense en sterre die septer swaai, soos wat sommige mense aan hierdie goed glo. Maar die eenvoudige Bybelse waarheid is dat Christus regeer – ook in tye wat vir die mens chaoties, verwarrend en onverklaarbaar lyk. Ook in daardie tye regeer Christus volmaak. Hy het alle mag in die hemel en op die aarde. Hy kan selfs van 'n kerkbreker 'n kerkbouer maak, want Hy het die mag om dit te kan doen. En as daar soveel as een haar van jou hoof val deur die hand van 'n ander mens, gebeur dit alleen omdat ons ewige Koning, Jesus Christus, dit so wil hê.

Dit is verder opvallend wat ons van Christus se koningskap bely. Hy is in besonder Hoof van sy kerk en as Hoof van sy kerk is Hy Hoof oor die hele wêreld. God het Christus as Hoof aan sy kerk gegee en as Hoof oor alles aangestel. Dit beteken dat die wêreldgeskiedenis inderwaarheid aan die kerkgeskiedenis ondergeskik is. Onder leiding van ons almagtige Koning is die wêreldgebeure die steierwerk vir die opbou van die kerk. Die mense wat dink dat hulle die septer in hierdie wêreld swaai, is onder die regeermag van Christus. Hy gebruik juis vir hulle wat dink hulle is hulle eie baas om sy kerk veilig, sonder vlek of rimpel te bring by die voleinding van die wêreld waar die kerk saam met Christus oor alles sal regeer.

Watter nut het dit vir ons persoonlik dat Christus as Hoof aan die kerk gegee is? Dat Christus ons Hoof in die hemel aan die regterhand van God is, het vir ons 'n tweeledige nut. Aan die een kant Hy versorg sy kerk met hemelse gawes, en aan die ander kant beskerm Hy sy kerk.

Die eerste gawe waarmee Christus sy kerk versorg, is die Heilige Gees. Reeds voor sy kruisiging belowe Jesus dat Hy sy Heilige Gees na sy kerk sal stuur (Joh 14:16-17). Daarby het Hy ook gesê dat die Heilige Gees alles wat Hy van die Vader en die Seun ontvang aan die gelowiges sal gee (Joh 16:14-15). Ja, deur sy Heilige Gees stort Koning Christus al die hemelse gawes wat ons gelowiges nodig het in ons uit.

Baie mense vra: Maar waar is die Heilige Gees se werk dan in die Gereformeerde Kerke, hulle praat dan nie in tale nie en daar vind dan nie wondergenesings plaas soos in ander sogenaamde Charismatiese kerke nie? Broers, susters en kinders, die Heilige Gees se werk is nie altyd in helder neonligte uitgespel nie. Ons wedergeboorte en bekering is die Heilige Gees se werk. Die feit dat ons verhouding met die Drie-enige God verder gegroei het as byvoorbeeld 'n jaar gelede en dat ons al meer die sonde in ons lewe afsterf, is die Heilige Gees se werk. Die feit dat baie van ons deur swaarkrytye nog kon volhard in die geloof en dat sommige van ons broers en susters tot die einde van hulle lewe in die geloof kon volhard, is die Heilige Gees se werk. Dit is die Heilige Gees wat aan ons die gawes van geloof, hoop en liefde, vrede, vreugde en selfbeheersing gee. Hierdie ouderlinge en

diakens, daardie broer en suster langs jou of voor jou en agter jou, ook hulle is almal gawes wat Christus deur sy Gees aan jou in sy kerk gegee het.

Maar as ons ewige Koning versorg Christus nie net ons siel nie. Hy het immers ook ons liggaam aan die kruis verlos, daarom versorg Hy ook ons liggame. Die kos en klere wat ons het, die huise waarin ons woon, die motors wat ons besit en al dergelike dinge is in werklikheid hemelse gawes uit die hand van ons Koning. Dit is so dat hierdie dinge nie vir alle mense soos hemelse gawes lyk nie, maar ons wie se geloofsoë deur die Heilige Gees geopen is, sien dat ook hierdie aardse dinge uit Koning Christus se hand aan ons gegee word.

Uiteindelik sorg ons Koning dat selfs die onaangename dinge – teleurstellings, rampe en verdriet – ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet, sodat ons selfs daardie onaangename dinge soms hemelse gawes kan aanvaar en geduldig verdra.

Aan die ander kant is ons Koning ook die Beskermer van sy volk. Die kerk en elke gelowige het gevaarlike vyande wat ons permanent bedreig. Hierdie vyande is:

- die duiwel wat met al sy bese mag mense en volke teen die kerk opsweep;
- die wêreld met sy sekularisasie, verleidings en aanloklikhede; en
- ons eie sondige natuur – die verraaier in die vesting wat so maklik die deur wyd oopgooi vir die duiwel en die wêreld.

'n Ander naam waarmee Christus hierdie vyande van ons beskryf, is *die magte van die doderyk*. En Christus verseker ons dat die magte van die doderyk sy kerk nie sal oorweldig nie. Dit gebeur nie omdat die gelowige en die kerk se geloof so sterk is nie of omdat die kerk so getrou lewe nie, maar omdat Christus sy kerk en elke gelowige in sy hand vashou. En niemand sal die kerk uit die hand van die Here kan ruk nie, maak nie saak hoe sterk die vyand is nie (Joh 10:28). Vir ons is dit 'n groot troos dat ons Beskermer dan ook ons Verlosser is – die Goeie Herder.

Geliefdes, ons Koning sal nie vir altyd in die hemel bly waar niemand Hom in lewende lywe kan sien nie. Hy sal terugkom na hierdie aarde, en dan kom Hy as Regter terug. Dat 'n koning ook 'n regter is, is reeds uit die Ou Testament duidelik. Koning Salomo moes as regter optree. En in ons gelese gedeelte uit Matteus maak Jesus self aan ons duidelik dat Hy op sy koninklike troon gaan sit om as Regter oor al die mense te oordeel.

Maar voordat daardie laaste dag aanbreek waarop Christus as Regter gaan kom oordeel, sal daar eers nog 'n groot verdrukking plaasvind wat die Antichris gaan aanwend om die kerk finaal te vernietig. Daarvan vertel Christus ons aan die begin van die profetiese rede in Matteus 24. Daardie dae sal inderdaad vir die kerk van die Here 'n tyd van **droefheid en vervolging** wees, soos ons dit in die Kategismus bely.

Maar dan, terwyl die lewe andersins sy gewone gang gaan, sal Christus skielik en onverwags kom, soos 'n dief in die nag. Dan sal almal voor Hom verskyn om geoordeel te word. Dan sal die boeke geopen word, en met dié boeke word die gewete van elke mens bedoel, soos ons in dit Artikel 37 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely. Wanneer die boeke geopen word, sal goed nie meer sleg en sleg nie meer goed genoem word nie; die duisternis sal nie meer as lig en die lig nie meer as duisternis voorgestel word nie, omdat daar aan alle leuens van die lewe 'n radikale einde gemaak sal word. Dan sal elkeen volgens sy werke geoordeel word.

Alhoewel die laaste dag vir die ongelowige 'n bitter dag van verskrikking sal wees, sal dit vir die kinders van God 'n wonderlike dag wees. Daarom word die vraag in ons

Kategismus ook so gestel: **Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en dooies te oordeel?** Christus se koms om te kom oordeel is vir ons gelowiges 'n troos.

Hy wat as Regter oor al die volke, tale en nasies gaan oordeel en voor wie ek en jy ook gaan verskyn, het self met sy eie bloed vir al ons sondeskuld ten volle betaal. Hy wat as Regter kom, het self eenmaal as aangeklaagde en beskuldigde voor God gestaan in ons plek. Hy was onskuldig, maar al ons skuld het op Hom afgekom. Soos ons dit hier bely: **Hy het Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem.** En Hy wat dit vir my gedoen het, dit is vir Hom wat ek as 'n Regter uit die hemel verwag. Daarom twyfel ek vir geen oomblik aan sy uitspraak oor my nie. Hy sal, op grond van sy soenverdienste, my vryspreek en my die ewige lewe laat beërwe. Ons saak sal op die laaste dag deur die Regter behartig word – die Regter wat ook ons Redder is. Daarom is Christus se wederkoms vir my en vir jou 'n troos.

Ten slotte moet ons op die volgende vrae persoonlik voor God dan ook antwoord sodat Christus se koningskap ook vir ons elkeen 'n troos kan wees:

- Erken ons Christus as Koning op alle terreine van ons lewe: in die kerk, die skool, die politiek, die huwelik en huisgesin, die sport en ontspanning?
- Buig ons in alles voor die wil van ons Koning omdat ons dankbaar is dat ons Verlosser ook ons Koning is wat ons met alles versorg en beskerm van ons vyande?
- Wag ons met verlange op Christus se koms as ons Koning en Regter sodat ons saam met die Heilige Gees uitroep: Kom, Here Jesus, kom gou!?

Amen!

Slotgebed

Psalm 96:1, 6 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 6 Verkondig nou van mond tot mond: / oor al wat is, regeer Hy, / oor onreg triomfeer Hy –
dus is die wêreld vas gegrond. / Die volkestryd beslis / Hy wat regverdig is.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 April 2014